



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

31 MAART 2019

GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

EREDIENSTE

31 Maart

7 April

Tyd	Plaas	Diens	31 Maart	7 April
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage 4	Prof. Landman 1 (Doop)
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	Ds. Potgieter 7
09:00	Kapel	Meditatief	Geen diens	Philipp Dietmann -
18:00	Kerk	Jeugdiens	Geen diens	Ds. Ackerman -
19:00	Kapel	Aanddiens	Ds. Breytenbach 12	M. van Deventer 13

BEVESTIGING DS. HANNO ACKERMAN

Lidmate word uitgenooi na die bevestiging van ds. Hanno Ackerman, nuwe jeugleraar van die gemeente, op Sondagand 7 April om 18:00 tydens die jeugdiens. Hanno en sy vrou, Liaan, sal tydens die oggenddienste van 7 April aan lidmate voorgestel word. Ons verwelkom graag die egpaar in ons gemeente en vertrou dat hulle bediening hier baie geseënd sal wees.

FOKUSPROGRAMHANDLEIDING EN CD

'n Handleiding vir persoonlike Bybelstudie asook 'n CD met musiek en voorlesings van gedigte is nou te koop @ R20 per stel. Gebruik die handleiding gedurende die verloop van die fokusprogram. Daar is ook sessies vir kleingroepe in die handleiding saamgevat. Handleidings en CD's is vanoggend na die oggenddienste beskikbaar, of gedurende die week by die kerkkantoor vanaf 08:00 tot 14:00.

Sien die pamflet/www.stellenberg.co.za vir die volledige program.

VYFDE LYDENSWEEK

OGGENDDIENS

Vrygemaak van die mag van die dood

Romeine 8

AANDDIENS

Gedryf deur wysheid of eie motiewe?

Jakobus 3:13-18

DEURKOLLEKTE

Geen

RETRAITE IN WELLINGTON

Moderne mense se groeiende behoefte aan stilte het die gedagte aan 'n kwartaallikse wegbreekgeleentheid na die Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington laat ontstaan. Belangstellendes sal die opsie hê om as deel van 'n groep, of alleen, stilte op te soek. Die eerste wegbreekgeleentheid is vanaf Vrydag 5 April om 18:00 tot Saterdag 6 April om 18:00. Akkommodasie (enkelkamer met badkamer) en etes word ingesluit en koste beloop R480 per persoon. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519.

MANNEKAMP 10 TOT 12 MEI

Na afloop van 'n baie geseënde mannekamp in 2018 is daar besluit om jaarliks twee geleenthede aan te bied. Gee prioriteit aan jou geestelike opbou en kom ervaar die seën van die Here saam met ander mans – oud en jonk! Ons gaan na Wortelgat, Stanford. Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448. Besprekings: Lindy lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519.

STELLENBERG-KOSPROJEK

Die volgende datum vir ons kosprojekinsameling is **23 April**. Bydraes van niebederfbare produkte kan onder die trap in die voorportaal van die kerk geplaas word, of gee af by die kerkkantoor. Kontantbydraes kan elektronies oorbetal word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep - Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep - Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep - Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

GEEN KATEGESE

tydens die skoolvakansie nie. Kategese en die jeugdiens hervat weer op 7 April.

BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 1 April om 09:30 in die markplein bymekaar.

CONSPIRITO KOOR

Met Tygerberg Stadskoor en Kaapse Kamerkoor, orkes en soliste.

Saterdag 13 April 19:30
Uitsig NG Kerk

Program: Fauré-requiem en Mozart klarinetkonsert.
Webticket en by die deur R140/R100.

[ONS LUISTER NA MEKAAR]

Bladsy 3

LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanel by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

GEMEENTEBRAAI VRYDAG 5 APRIL

Op Vrydag 5 April om 19:00 gaan ons weer saam braai in die markplein. Ons nooi alle lidmate na die gesellige, informele saamkuier. Bring asb. jou eie vleis, bykos en drinkgoed asook glase en eetgerei. Ons voorsien die kole.

VATVYF WOENSDAG

Woensdag 3 April 09:30 uitstappie na Alta du Toit Nasorg.

Ons besoek Alta du Toit Nasorg, doen 'n kort toer, verneem van die geskiedenis en ontstaan van die diensorganisasie, besigtig die terrein en fasiliteite en geniet na afloop van die blootstelling verversings in hul teetuin. Elkeen betaal vir hom/haarself. Besprekings tot Dinsdag 2 April by Karin 021 976 459. Bussies vertrek 09:30 vanaf die kerkterrein. Geen koste.

Woensdag 17 April Paasete

Ons gaan inskakel by die Paasete wat tydens die fokusprogram aangebied word op Woensdagaand 17 April om 19:00 in die kleinsaal. Kaartjies @ R50 elk kan by Karin Barter, kerkkantoor gekoop word om jou plek te verseker. Sluitingsdatum: 8 April. Kom deel in die egte Joodse fees met tradisionele Joodse kossoorte.

BASAARBORG 2019

Dankie aan Milieu Eiendomme, borg van die basaar.

Milieu Eiendomme

Kontakpersoon:

JP van der Poel

082 878 5582



WITOLIFANTE VIR RUYTERWACHT BASAAR

Ruyterwacht Diensentrum ontvang graag enige bydraes vir hulle witlifant-tafel wat tydens hulle basaar aangebied gaan word. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

VAKATURE JEUGKANTOOR

Jeugkantoor administratiewe hulp

'n Vakature bestaan vir 'n persoon wat lief is vir jongmense, 'n pad met die Here loop en oor goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede beskik. Werksure 12:00 - 15:00, dienswerk op Sondag tydens die jeugdiens, asook na-uurse verpligtinge soos jeugvergaderings en kampe.

FEESMARKAANSOEKE

Feesmarkaansoeke is nou oop. Voornemende uitstallers moet asb. voor **18 April** aanlyn registreer met die oog op keuring. Gaan na www.stellenberg.co.za om aansoek te doen. Kontak die Feesmarkkantoor, Marilize Verreyne, by 021 910 3900/ feemark@stellenberg.co.za met enige navrae.

BESKERM EN VERNUWE JOU DENKE

10 April 19:00 Kleinsaal

In 'n land en wêreld met baie negatieweit kan ang en onsekerheid jou verlam. Hoe kan jy jou denke beskerm en vernuwe?

Braam Hanekom (Sentrum vir Publieke Getuienis) en Gustav van Greunen (Kliniese Sielkundige met 'n belangstelling in die rol wat die neuro-wetenskap in ons gesondheid speel) bied 'n werkwinkel aan oor bogenoemde onderwerp. Die volgende word hanteer:

- Waar kom ang, onsekerheid en emosionele verlamming vandaan?
- Is ons almal dalk getraumatiseerd?
- Wat is die verskil tussen destruktiewe en konstruktiewe selfbeskerming?
- Kry perspektief op ons land en wêreld.
- Praktiese wenke wat jou kan help om in 'n gespanne omgewing te funksioneer.

Besprekings: R50 by Chantal by 021 204 0993 of info@resolution-room.com, of Danelle by 021 957 77202 of spg@kaapkerk.co.za voor Maandag 8 April.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 tot 12:00 by 021 976 8029

gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

BASAAR TERUGVOER

Hartlik dankie aan alle lidmate wat betrokke was by vanjaar se basaar. Ons voorlopige syfers toon 'n netto verdienste van ongeveer R75 000 teenoor R49 000 van 2018. Ons is dankbaar teenoor Christine Morsbach en haar span helpers vir die reël en vlot verloop van 'n besonder gesellige geleentheid.